Inleiding

Die proses waarvolgens 'n boek vandag geproduseer word, verloop redelik eenvoudig. Nadat 'n skrywer sy manuskrip voltooi het, lewer hy dit by 'n uitgewer in. Die uitgewer set die manuskrip en druk 'n proefkopie, wat aan die skrywer gestuur word vir korreksies. Nadat die skrywer dit geproeflees en gekorrigeer het, stuur hy dit aan die uitgewer terug, wat die foute korrigeer. 'n Kopie word weer aan die skrywer gestuur om seker te maak dat die uitgewer akkuraat gewerk het. Die laaste foute word herstel en die manuskrip word weer aan die uitgewer terugbesorg. Daarna maak die uitgewer 'n aantal kopieë en stuur dit na boekhandels vir verspreiding. Iemand wat so 'n boek koop, kan dan seker wees dat hy 'n identiese kopie het van dit wat die skrywer oorspronklik geskryf het, omdat die skrywer die boek voor die vermeerdering en verspreiding daarvan volledig kon korrigeer.

Die produksie en verspreiding van boeke het voor die uitvinding van die boekdrukkuns heeltemal anders verloop as vandag. Omdat daar geen outomatiese wyse was waarop 'n boek vermeerder kon word nie, moes iemand wat 'n eksemplaar van 'n boek wou hê, dit self met die hand van die oorspronklike af oorskryf, of iemand huur om dit vir hom te doen. Wanneer daar, byvoorbeeld, aan die Kolossense opdrag gegee word om die brief ook aan die gemeente in Laodisea te stuur (Kl 4: 16), sou hulle eers 'n kopie daarvan moes maak as hulle die brief ook self wou hou. Daar was geen ander wyse om 'n eksemplaar van 'n boek te kry as om die boek self te kopieer deur dit met die hand oor te skryf nie. Daar was dus geen manier waarop die skrywer die proses van vermeerdering van so 'n boek kon kontroleer nie. Nadat hy die boek geskryf het, was dit heeltemal uit sy hande.

In hierdie proses van kopiëring is foute in die oorgeskrewe kopie (genoem 'n *manuskrip*) gemaak: Woorde, frases of sinne is soms weggelaat of bygevoeg; woorde is met sinonieme vervang; taalkundige veranderinge is aangebring; ensovoorts. Hierdie manuskrip is op sy beurt weer as die bron vir 'n volgende manuskrip gebruik, waarin sommige van die foute in die eerste manuskrip herstel is, ander in die nuwe manuskrip oorgeneem is, en weer nuwe foute in dié manuskrip gemaak is. Hierdie tweede manuskrip is weer as basis vir 'n volgende gebruik, waarin die proses homself herhaal het. Uiteindelik het daar dus op 'n gegewe tydstip 'n hele aantal eksemplare van die boek bestaan, wat elkeen in 'n mindere of meerdere mate van die ander en die oorspronklike verskil het. Op geen wyse was dit egter moontlik om die foute uit te skakel nie, omdat die oorspronklike manuskrip, anders as vandag, presies soos die eksemplare daarvan gelyk het. Dit was na 'n aantal jare dus nie eers meer moontlik om te bepaal watter eksemplaar die oorspronklike is en watter kopieë daarvan is nie, sodat dit onmoontlik was om foute te herstel op

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2015

dieselfde wyse as wat dit in die moderne proses van die produksie van boeke herstel word, naamlik deur dit met die oorspronklike te vergelyk nie. Wanneer vandag dan 'n gedrukte uitgawe van so 'n boek gemaak word, moet die uitgewer of redakteur eers tussen al die manuskripte van die boek probeer vasstel watter eksemplaar die oorspronklike werk die getrouste weergee, voordat hy die boek kan publiseer.

Op hierdie wyse is alle antieke boeke, ook die Nuwe Testament, oorgelewer. Vandag bestaan geen enkele oorspronklike uitgawe van enige van die boeke in die Nuwe Testament meer nie, en voordat 'n Nuwe Testament in Grieks gepubliseer en vertaal kan word, moet eers uit die duisende manuskripte van die Nuwe Testament wat vandag bekend is, bepaal word watter manuskripte die oorspronklike teks die getrouste weergee. Dit is waarmee die Nuwe-Testamentiese Tekskritiek hom besig hou.

Tekskritiek gaan dus om die rekonstruksie van antieke tekste en die Nuwe-Testamentiese Tekskritiek om die rekonstruksie van die teks van die Nuwe Testament. Die doel van hierdie wetenskap is om te midde van al die manuskripte van 'n dokument waarvan die oorspronklike nie meer bestaan nie, en te midde van al die verskille (genoem *variante lesings* of *lesings*) in die manuskripte, wat wissel van blote spelling en ortografiese sake tot die weglating of byvoeging van paragrawe in geheel, te bepaal wat in die oorspronklike geskrifte gestaan het.

As in ag geneem word dat daar ongeveer 'n kwartmiljoen variante lesings in die manuskripte van die Nuwe Testament voorkom, spreek die belang van hierdie deel van die Nuwe-Testamentiese Wetenskap vir homself. Onmiddellik moet egter gesê word dat die Nuwe Testament ondanks al hierdie lesings in die manuskripte in 'n veel beter posisie is as ander klassieke tekste. Van talle klassieke tekste is net enkele manuskripte oor en van sommige net enkele fragmente, ander is geheel en al verlore en nog ander is beskikbaar in manuskripte wat sodanig beskadig is dat min van die essensie van die teks verstaan kan word. Daarteenoor is daar vandag meer as vyfduisend manuskripte van die Nuwe Testament bekend, waarvan sommige die Nuwe Testament in geheel bevat en baie ander boeke in geheel of groepe boeke van die Nuwe Testament. Verder raak die oorgrote meerderheid van die variante lesings in die manuskripte detailaspekte soos ortografie, terwyl slegs 'n klein gedeelte die essensie van die inhoud van die Nuwe Testament raak. Selfs dié wat die essensie raak, is egter nie van so 'n aard dat dit die kern van die inhoud van die Nuwe Testament raak nie. Ondanks al die variante lesings is dit steeds moontlik om byvoorbeeld die teologie van die Nuwe Testament of selfs indiwiduele boeke in die Nuwe Testament te ontleed, en onafhanklik van watter manuskrip daarvoor gebruik word, sal die resultate in breë trekke dieselfde wees.

Tog is die tekskritiek nie onbelangrik nie, en dit is veral vertalers en

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2015

verklaarders van die teks, diegene wat met die detail van die teks werk, wat daarvan kennis behoort te neem. Vir elkeen wat 'n teks wil interpreteer of vertaal, is dit vanselfsprekend dat hy graag wil seker maak dat hy met die oorspronklike woorde van die teks werk en nie met 'n veranderde weergawe daarvan nie. Ten opsigte van 'n religieuse dokument soos die Nuwe Testament, wat die geloof en lewenswyse van miljoene mense raak, is dit veel noodsaakliker. Die verskyning van die nuwe Afrikaanse vertaling van die Bybel in 1983 (NAB), wat soms drasties van die ou vertaling van 1933 (OAB) verskil, en die debatte en emosie daaroor, is waarskynlik die beste praktiese bewys van die noodsaak en relevansie van hierdie deel van die Nuwe-Testamentiese Wetenskap.

Hierdie boek is bedoel om die basiese aspekte van die Nuwe-Testamentiese Tekskritiek bekend te stel, ten einde iets duidelik te maak van die probleme waarmee tekssamestellers en vertalers te make het. Die boek is primêr gerig op voorgraadse studente in die teologie, wat 'n basiese kennis van Grieks het. Desnieteenstaande is gepoog om die boek so te skryf dat dit ook vir mense sonder kennis van Grieks toeganklik kan wees. Daarom is voorbeelde waar moontlik van vertalings voorsien. Waar moontlik is die vertalings in hierdie gevalle telkens uit die Afrikaanse Bybels, veral die nuwe vertaling (NAB), geneem, eerder as om eie vertalings te maak. Die boek het nie die pretensie om vir die vakkenner 'n handleiding te wees nie, maar word as 'n inleiding aangebied, waarin gepoog word om die basiese aspekte van hierdie wetenskap uiteen te sit, soos dit in die mees gangbare en aanvaarde standpunte en beskouings na vore tree. In die literatuur waarna verwys word, kan die leser nie alleen verdere inligting bekom nie, maar ook nalees oor standpuntverskille en debatte oor bepaalde aspekte van die tekskritiek wat nie in die teks van die boek bespreek word nie.

Die stof word in twee afdelings aan die orde gestel, 'n teoretiese deel en 'n praktiese deel. In die eerste word die basiese aspekte van die teorie aan die orde gestel. Dit behels 'n oorsig oor die *Griekse paleografie* (hoofstuk *1*), waarin sekere aspekte van die oorsaak van die probleme in die oorlewering van antieke tekste in die algemeen en die Nuwe Testament in besonder aan die orde gestel word. Dit word gevolg deur 'n oorsigtelike bespreking van die *belangrikste bronne* van die Griekse Nuwe Testament, naamlik die belangrikste manuskripte, vroeë vertalings van die Nuwe Testament en aanhalings uit die Nuwe Testament in kerklike literatuur (hoofstuk *2*). Daarna word 'n bespreking van die tipe *variasie* in die manuskripte en die oorsake daarvan gebied (hoofstuk *3*). In die volgende twee hoofstukke word agtereenvolgens 'n oorsig gebied oor die *geskiedenis van die teks*, soos dit in manuskripte (voor die boekdrukkuns) sedert die 1ste tot die 16de eeu oorgelewer is (hoofstuk *4*) en 'n oorsig oor die *geskiedenis van die gedrukte teks*,

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2015

waarin die belangrikste moderne uitgawes van die Griekse Nuwe Testament en die ontwikkeling van die Tekskritiek van die Nuwe Testament sedert die 16de eeu tot vandag aan die orde gestel word (hoofstuk *5*). 'n Kort oorsig oor die *belangrikste metodes* wat vandag vir die samestelling van tekste gebruik word (hoofstuk *6*), sluit die eerste deel af. Die tweede deel, die praktiese deel, is daarop gerig om basiese aspekte van die praktyk te verduidelik. Dit behels in die eerste plek 'n bespreking van die *ontsluiting van die bronne* van die Griekse Nuwe Testament (hoofstuk *7*), wat handel oor sake soos die wyse waarop bronne opgespoor, gedateer en gekollasioneer word. Daarna volg 'n beskrywing van die wyse waarop die *geskiedenis van die handgeskrewe teks gerekonstrueer* word (hoofstuk *8*). In hierdie hoofstuk word aspekte soos die groepering en klassifisering van manuskripte en die bestudering van groepe om die geskiedenis te rekonstrueer, aan die orde gestel. Daarna word die *mees gangbare metode* waarop tussen die verskille in die manuskripte gekies word, die wyse waarop 'n teks dus saamgestel word, bespreek (hoofstuk *9*). Die laaste hoofstuk (hoofstuk *10*) bevat 'n kort bespreking van 'n aantal tekskritiese probleme in die Nuwe Testament wat 'n invloed op die Afrikaanse vertaling gehad het. Onder andere word al die tekste wat in die nuwe vertaling van voetnote met tekskritiese kommentaar voorsien is, bespreek. Die boek word afgesluit met 'n bylaag waarin tegniese inligting oor die belangrikste bronne van die Nuwe Testament gebied word. Dit bevat die mees noodsaaklike inligting wat nodig is om tekskritiese probleme prakties op te los.

'n Nota oor die verwysingstyl is noodsaaklik. Waar literatuurverwysings by onderafdelings voorkom, het die literatuur op die hele inhoud van die betrokke afdeling betrekking. Indien 'n bepaalde bron dus aan die begin van 'n hoofstuk verwys word, kan aanvaar word dat die inhoud daarvan op alle aspekte wat in die hoofstuk bespreek word, betrekking het. Daarom word die verwysing nie by elke onderafdeling herhaal nie. Die bibliografie is slegs 'n kernbibliografie en in geen opsig volledig nie. Daar is egter gepoog om die meeste van die belangrikste moderne werke oor die betrokke saak te verwys. In die literatuur wat verwys word, kan verdere verwysings na ander literatuur bekom word.

Die skrywer is aan 'n aantal mense, wat direk en indirek by die totstandkoming van hierdie boek bygedra het, dank verskuldig. Die boek het gegroei uit 'n behoefte aan 'n Afrikaanse inleiding in die Nuwe-Testamentiese Tekskritiek, wat enkele jare gelede in die Departement Grieks aan die Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys geïdentifiseer is. Aanvanklik is in die behoefte voorsien deur 'n ongepubliseerde diktaat wat in samewerking met professor GJC Jordaan, die destydse hoof van die Departement Grieks, tans verbonde aan die Departement Nuwe-Testamentiese vakke, geskryf is. Die skrywer

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2015

wil professor Jordaan graag vir sy aanvanklike bydrae bedank. Aan kollegas van ander Universiteite, wat die diktaat voorgeskryf het en waardevolle kommentaar en kritiek daaroor uitgespreek het, kom besondere dank toe. Hulle het die afronding en publikasie van hierdie boek bespoedig. Besondere dank kom professor JP Louw, Universiteit van Pretoria, toe, nie alleen vir die feit dat hy hierdie manuskrip gelees en waardevolle en indringende kommentaar daaroor gelewer nie, maar ook vir jarelange aanmoediging om hierdie boek die lig te laat sien. Dank kom ook aan die *Gereformeerde Kerk Pretoria* toe, wat die skrywer in 1981 ruim finansiële ondersteuning gebied het om vir 'n tyd lank in die buiteland navorsing te doen. Hierdie boek is die uiteindelike resultaat van daardie navorsing. Ten slotte wil die skrywer besondere dank aan die redaksie van *Hervormde Teologiese Studies*, in besonder die redakteur, professor AG van Aarde, betuig vir die aanvaarding van hierdie boek in die *HTS Supplementum Reeks* van hierdie tydskrif. Dit is 'n besondere voorreg vir die skrywer dat die werk in hierdie reeks verskyn.

Literatuur: Oor die sake wat in hierdie inleiding aan die orde gestel is: KW Clark 1966; Colwell 1948; FC Grant 1940; Greenlee 1964; Junack 1978; Kilpatrick 1958b; King 1973; K Lake 1949; Oliver 1968; Pack 1961; Stenger 1975; Vaganey 1937; Wenham 1982. Inleidings tot Nuwe-Testamentiese Tekskritiek: Aland & Aland 1982; Baljon 1901; Duplacy 1959; Finegan 1974; Greenlee 1964; 1985; Gregory 1900-1909; CE Hammond 1902; Kenyon 1912; 1939; 1949; Klijn 1974; Lagrange 1935; K Lake 1949; RP Martin 1975; Metzger 1966/67a; 1966/67b; 1968b; Moir 1985; Nestle 1909; Paret 1963; Reese 1967a; 1967b; Scrivener 1894; Souter 1960; V Taylor 1961; Vaganey 1937; Vogels 1923; Warfield 1886; Williams 1969.

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2015